CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 14 — VRYDAG 6 AUG. 1976

PL (E!
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

# Voorsitters besluit

## *Julie-vakansie in konferensie*

**DIE afgelope Julie-vakansie is 'n konferensie van alle studenterade in Suid-Afrika te Stellenbosch gehou. Al die blanke kampusse het afvaardigings gestuur, maar ander rassegroepe het die uitnodiging van die hand gewys.**

Daar was vir 'n baie lang tydperk geen skakeling op hierdie wyse nie, en gesien in die lig van die feit dat 'n soortgelyke poging in 1972 misluk het, is die die konferensie met groot omsigtigheid benader. Omdat daar vir so 'n lang tydperk 'n leemte op dié gebied was, het die konferensie 'n moeilike en soms pynlike stadige vordering gehad.

Die meerderheid van die afgevaardigdes het die konferensie egter met 'n openheid benader en dit was hierdie onbevooroordeeldheid om wedersyds bona fides te aanvaar wat die deurslag gegee het. Die konferensie het uiteindelik baie suksesvol geëindig en die hoop kan uitgespreek word dat dit voortgesit sal word.

Hierdie konferensie het weer eens die groot kulturele en ideologiese verskille tussen Engels en Afrikaanssprekende studente onderstreep. Oor belangrike sake is die kanse vir oortuiging baie skraal omdat die bogenoemde twee partye se benaderings en sienings heeltemal verskil.

Dit beteken egter geensins dat sodanige skakeling geen nut het nie. Voorheen was albei partye te geneig om mekaar te etiketteer en onderskeie standpunte af te maak, sonder dat voldoende kennis bestaan het. By sodanige skakeling word behoorlik gemotifeer en dit lei net tot beter begrip en lê die fondament vir verdere samewerking en kontak. Nuwe prespektiewe word verkry en invloeding vind plaas, wat nie in isolasie sou kon plaasvind nie.

**1. STUDENTEPUBLIKASIES:**
**Alle aspekte wat die Studenteraad aangaan soos byvoorbeeld finansiering, sensuur en aanstel van redaksies:**

1. Dat meer aandag daaraan gegee moet word dat studente self en amptenare betaal deur die Studenteraad advertensies sal werf om die onkoste van studentepublikasies te help dra, in plaas daarvan dat dit aan buite-instansies oorgelaat word.

2. Dat 'n studentekoerant onder andere die funksie het om kommunikasie te bevorder onderling tussen die verskillende groepe en verenigings op 'n kampus dat dit ook 'n leidinggewende en koördinerende rol het ten opsigte van die studentegemeenskap en dat dit sover moontlik sal poog om die breë kampus gees/standpunt te reflekteer/weer te gee.

3. Dat 'n meer doeltreffende, gesonde ekonomiese bestuur van studentekoerante nagestreef sal word ten einde 'n gesonder verhouding tussen studenteraadsubsidie en ander inkomste te bewerkstellig.

4. Die Studentepers behoort nie te funksioneer sonder in ag neming van die landswette nie.

5. Dat geen studentekoerant volkome onafhanklik kan wees nie en dat daar in 'n mindere of meerdere mate beheer oor sy werksaamhede moet wees van die S.R. of universiteitsowerhede wat sal verskil van kampus tot kampus.

**2. DIE STUDENT SE ROL IN DIE SAMELEWING:**

1. Die student het die reg om waar sy belange direk met die breëre gemeenskap oorvleuel (bv. die inperking van studente) 'n eie standpunt en mening te propageer. (Tukkies en die Uniegeboue en Wits).

2. Die student het eerstens as gewone landsburger en ook as lid van die studentegemeenskap die bevoegdheid om invloed uit te oefen en standpunt in te neem binne die raamwerk van die wet op politieke gebied.

3. Dat daar fundamentele verskille bestaan tussen blanke Suid-Afrikaanse studente oor die rol van die student. Sommige beskou studentepolitiek as gewettigde buite-parlementêre politiek, en ander dat die student as student slegs akademiese politiek binne die vryheid van die akademiese grense mag bedryf en landspolitiek slegs as landburger.

**3. STUDENTEVERTEENWOORDIGERS OP UNIVERSITEITSKOMITEES:**

1. Dat die funksie en samestelling van die universiteit waarvan die student 'n integrale deel uitmaak, seggenskap van studente, wat in aard en omvang varieër van kampus tot kampus, in universiteitsaangeleenthede noodsaaklik maak.

2. Dat inspraak nutteloos is sonder wedersydse vertroue tussen studente en universiteitsowerhede.

**4. HOëR OPVOEDING IN SUID-AFRIKA:**

1. Die Universiteit moet die gemeenskap dien.

2. **Konsensuspunte**
In die lig van Minister Koornhof se herbevestiging van die beleid van „live and let live", aanvaar ons dat in Suid-Afrika verskillende universiteite verskillende benaderings handhaaf teenoor hul eie organisasie, en ten opsigte van hulle rol in die gemeenskap, en glo ons dat sulke verskille nie absoluut-oorheersend behoort te wees of hoef te wees in ons verhoudings met mekaar nie.

Dit is dus wenslik dat hierdie forum voortgesit word en dat dit sover as moontlik 'n gereelde instelling word.

Verskeie onderwerpe is bespreek en sekere konsensusse is bereik, iets wat dikwels baie moeilik was omdat daar verskillende konnotasies aan sekere begrippe geheg is. Die belangrikste verskille het egter gevloei uit verskillende sienings oor die universiteit, sy outonomiteit en akademiese vryheid.

Die volgende onderwerpe is bespreek, en die volgende konsensiepunte is bereik:

5.1. Dit behoort as aanbeveling te dien aan die onderskeie studenterade dat 'n vergadering van al die Studenteraadsvoorsitters van 1976 en 1977 so gou as moontlik belê moet word, nadat die onderskeie studenterade die waarde van hierdie konferensie bepaal het.

5.2. Hierdie vergadering van Studenteraadsvoorsitters sal dan as doel hê die byeenbring van 'n verdere studenteraadskonferensie, welke vorm dan bepaal sal word.

5.3. Die notule en konsensusse vir hierdie konferensie sal dien as uitgangspunt by die volgende konferensie.

5.4. Taal- en kultuurgrense behoort nie 'n struikelblok te wees vir nouer samewerking en kontak tussen Afrikaans en Engelssprekende kampusse.

5.5. Dit is 'n voorvereiste vir vreedsame ontwikkeling van volke van Suid-Afrika dat studente as 'n onderskeibare groep in die samehang daarna moet streef om gereelde en sinvolle debat op inter-universitêre vlak te voer.

5.6. Dat die betrokke owerhede versoek word om die moontlikheid van studenterade op swart kampusse te ondersoek, waar dit nie reeds bestaan nie, ten einde nouer kontak tussen blanke en swart studente op Studenteraadsvlak te bewerkstellig.

Johan Pretorius,
SSR-voorsitter.



JOHAN PRETORIUS — SSR-voorsitter — P.U. vir C.H.O.

# Pukke, ons tel nie jou stem nie!

ONS kan nie jou stem tel as dit 'n bedorwe stembriefie is nie. Daar is elke jaar 'n groot aantal sulke stembriefies. Dit kan aan twee faktore toegeskryf word nl. onkunde en agterlosigheid.

Pukke, ons moet elke stembriefie behoorlik lees sodat ons alles raaksien en verstaan wat ons moet doen. Ek wil 'n kort uiteensetting gee van hoe ons moet stem en hoe die stemtellery plaasvind. Dit is sodat ons weet *hoe* om te stem en hoe belangrik elke syfertjie is wat ons maak.

1. HOE ONS MOET STEM. Op elke stembriefie verskyn die volgende:
   a. Die Raad of posisie waarvoor daardie kandidate staan.
   b. Die kandidate se name.
   c. Instruksies (hier sal aangedui word hoeveel ENE jy moet maak).

BV. SPORTRAAD
1. Maak twee ene (1) *(voor)* jou twee eerste keuses.
2. Nommer die res van die kandidate volgens keusevolgorde met nr. 2, 3, 4, 5,...
3. Alle kandidate moet genommer word.

☐ J. J. Pretorius: Johan
☐ J. J. de Wet Mulder: De Wet
☐ P. J. Meyer: Piet
☐ L. van Wyk: Lou
☐ A. J. van der Walt: Dries
☐ A. J. de Beer: Albert
☐ J. A. Jacobsz: Adriaan

Volg nou net die instruksies:
i. **Maak** twee ene *voor* jou eerste keuses.
ii. Nommer die res van die kandidate volgens keusevolgorde.

2. HOE STEMME GETEL WORD:
2.1. Die formule waarvolgens gewerk word is:

$$\text{Kwota} = \frac{\text{Aantal geldige stembriefies}}{\text{Aantal vakatures} + 1} \times \frac{\text{Aantal vakatures}}{1} + 1$$

Die twee persone (aantal wat verkies moet word) wat eerste kwota bereik, wen die verkiesing. Indien daar nie persone is wat kwota bereik nie, is die laaste twee (aantal wat verkies moet word) wat oorbly na eliminasie die wenners.

2.2. ELIMINASIE :
a. Alle persone se ene word getel. (Indien 'n persoon nou kwota bereik is hy outomaties die wenner.)
b. Die kandidaat wat die minste ene het word nou geëlimineer. Sy twees word nou as ene beskou en by die oorblywende kandidate se totale getel.
c. Die volgende kandidaat word nou geëlimineer. (Die een wat die tweede minste ene gekry het.) Sy twees word ook nou as ene beskou. Die kandidaat wat eerste geëlimineer is se dries word nou as ene beskou.
d. Die eliminasie hou aan totdat 'n persoon kwota bereik, of totdat daar net die aantal kandidate oor is wat verkies moet word.

BV.: $\text{Kwota} = \frac{500}{2+1} \times \frac{2}{1} + 1 = 334$

| Kandidate | Aantal ene | Na 1e elim. | Na 2e elim. |
|---|---|---|---|
| A | 340 | (Reeds kwota) | |
| B | 48 | | |
| C | 161 | 161 | |
| D | 201 | 236 | 387 (kwota) |
| E | 250 | 263 | 273 |

In die voorbeeld het A op sy ene kwota bereik en is dus die wenner. Daarna is geëlimineer totdat C ook kwota bereik het.

Hieruit blyk dit dat elke syfer wat ons maak van groot belang is. Pukke, ons moet seker maak dat ons elke kandidaat ken.

*Dries van der Walt.*



DRIES VAN DER WALT

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

(GEAFFILIEER BY A.S.P.U.)

# LEES DIT

'N KOMENDE Studenteraadsverkiesing. Op die oog af lyk dit maar bra algemeen. Immers, elke kampus kies 'n studenteraad en hier is ons geen uitsondering nie, trouens die proses word jaarliks herhaal. Dus is dit heel gewoon. Hoe gewoon werklik?

Anders as in die verlede gaan ons die stembus krities analiseer. Natuurlik is dit so dat 'n reeks formaliteite die belangrike dag voorafgaan. Hieronder tel die nominasies, die groot sweet en les bes die verkiesing op sigself.

Daar is met die nominasie van kandidate reeds 'n groot verantwoordelikheid op ons skouers geplaas. Die kandidate moet met oorleg genomineer word. Dit spreek vanself dat geen goeie Studenteraad gekies kan word uit 'n middelmatige groep kandidate nie. Daarom is dit so belangrik dat ons die basis regkry vir die verkiesing.

In die heel eerste instansie dan genomineer op voorkoms. Hieraan is ons damestudente meer skuldig. Die tyd is haas verby dat mans hullé steur aan die voorkoms van mans. By implikasie beteken dit dan nou ook nie dat geen dame verkiesbaar mag wees nie. Hierdie voorkoms-verkiesing is 'n klad op enigeen se naam en ons moet dit vermy.

Dan wat betref gewese studenteraadslede. Suiwer en alleen omdat die persoon reeds gedien het, maak van hom baie beslis nie die gunsteling nie. Dit is wel waar dat werk op die SR 'n goeie barometer is van wat om te verwag. Ongelukkig is dit so dat almal nie voorheen op die SR was nie en dit beteken dat ons steeds geen gemeenskaplike norm het om kandidate aan te meet nie. Dat 'n gemeenskaplike norm ter sake is, lei absoluut geen twyfel nie. Op geen ander manier kan 'n keuse tussen persone of dinge gemaak word alvorens hulle eers onderwerp is aan dieselfde toets nie.

Dit bring ons by verdienstelikheid. Die eenvoudige vraag, wat het hy/sy al in die studentelewe gedoen?, het nou betrekking. Êrens het die kandidaat in die studentelewe uitgeblink. Sy dit nou op die gebied van sport, politiek, akademie en vele meer.

Ongelukkig is dit weer eens so dat in baie gevalle een persoon, vanweë sy verbintenis met 'n ander, al is dit suiwer vriendskaplik van aard, die geleentheid gekry het om homself te bewys. 'n Ander persoon sou waarskynlik ook 'n sukses daarvan kon maak, mits hy die geleentheid gehad het. Dit impliseer dat ons ook nie sonder meer op verdienstelikheid kan gaan nie. Wel is dit so dat hierdie verdienstelikheid 'n groot mate van objektiwiteit in die hand werk. Wat die implikasies hiervan is, spreek vanself.

Dit is dan so dat daar 'n gemeenskaplike norm gevind moet word. Hieraan word voldoen by die groot sweet. Hier kan alle kandidate vergelyk word. Hier kan vrae gestel word. Omstrede vrae is soms noodsaaklik. Feit bly dat elke student hom hier kan oortuig wie sy kruisies. verdien. Noodwendig bring dit mee dat elke stemgeregtigde dus 'n plig het om die groot sweet by te woon. Al sou dit beteken dat addisionele tyd ingeruim moet word om vrae aan die kandidaat te stel.

Dit sou dan niks anders as reg wees om die ontleding af te sluit deur te beweer dat wanneer u die stembus nader, geeneen van die kandidate meer vir u vreemd mag wees nie. Dan ook net, dis in u hande om die prosedure te vergemaklik of oneindig te bemoeilik. Daarom dan, oortuig uself, stem vroeg en stem reg!

# NEEM DIT SAAM

DIT het nou al tradisie geword om die S.R.-verkiesing vanuit die hoek van die studentemassa, d.i. die kiesers te benader. Miskien is dit 'n metode om demokrasie voor op te hou waar dit miskien nou nie so breed lê nie. Anders kan dit gesien word as bloot 'n geykte weergawe van dit wat dan kwansuis verwag word of dan tevore weergegee is.

Ten einde balans in die komende verkiesing te bly handhaaf, word die kandidate en voornemende kandidate in alle realiteit genader.

Gun ons asseblief die geleentheid om 'n reguit en openhartige debat te voer. Indien u, kandidate, enigsins huiwer om u beskikbaar te stel, onttrek liewer. Indien u met 'n houding van „voriges-het-dit-reeds-gedoen-waarom-nie-ek-nie?", nader, onttrek betyds.

Heel onnodig om te sê is dat u as kandidate u reeds vergewis het van die omvattende taak wat op u skouers geplaas mag word. En daarby wel deeglik ook. Wanneer u voel dat u miskien nie lekker kan saamwerk in 'n groep nie, laat u nominasie daar. 'n Uiterste spanpoging is nodig in die S.R. Geweldige verantwoordelikhede word aan u toegewys, eweneens word geweldige eise aan u gestel.

Derhalwe moet u die komende verkiesing nader met 'n oortuiging dat u opgewasse is, met motivering om 'n sukses daarvan te maak, met erkentlikheid teenoor Hom wat lig op die pad laat skyn.

Wees in alle opsigte slaggereed. Wanneer 'n vraag aan u gestel word, antwoord eerlik, oortuigd en ondubbelsinnig. Moenie beloftes maak indien u nie seker is dat dit volvoer kan word nie. Sulke beloftes kan volgende keer boemerang, soos wat verlede jaar se leë beloftes nou gaan doen. Daar is niks om voor te vrees nie. Die Groot Sweet ten spyt. Sien hierdie as dié geleentheid om u te onderskei. Dit is immers die enkele geleentheid waar u aan u opponente gemeet gaan word.

Natuurlik is dit nie nodig om terug te deins vir omstrede vrae nie. Dat daar onbestrede vrae gaan wees, spreek vanself. Sien hierin die geleentheid om u te bewys. Dit is so dat u werk op die Studenteraad in 'n groot mate sal bestaan uit onbestredenhede. Met watter bedrewenheid u dan hierdie vrae hanteer, kan vir u kandidatuur deurslaggewend van aard wees. Hou in gedagte dat almal studente is. Elke vraag wat hulle daar kan uitdink, is u dan immers in staat om te beantwoord.

Indien dit nou nie goed met u gegaan het na afloop van die verkiesing nie, dan kan u met behulp van die volgende vir u self besluit of u die regte keuse sou wees: Wanneer u jaloers of naywerig voel, sou u nie die regte keuse gewees het nie. En indien u diegene wat gekies was, gelukwens en sterkte toewens, dan was hulle die regte keuse gewees. Mag die beste kandidate die stuur oorneem!

# Uit die Woord

## SONDER GOD IS JY EENSAAM

**„WEND U tot my en wees my genadig, want ek is eensaam en ellendig" — (Psalm 25 : 16).**

Eensaamheid, wat 'n soet en tog ook 'n bitter woord. As ons sê „eensaamheid", dan kan ons hart soms rus, maar ook soms . . . skrik. Adam was aanvanklik eensaam, maar die HERE het in daardie behoefte voorsien. Hy kon „die stem van die HERE GOD hoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie. Die mens was alleen, maar vanweë sy God-betrokkenheid was hy nie eensaam nie. Dit was 'n soet-alleenheid — 'n afsondering met sy God, met die skepping en die ruimtes. Hoe het die sonde nie hierdie alleenheid wreed verstoor nie. Dit het geword 'n bitter eensaamheid.

Kyk na Adam, die man wat in so 'n volmaakte harmonie met God gelewe het, Hy word 'n wegkruiper wat los van God, los van sy medemens en los van die natuur gelewe het.

Kyk na Kain, die broedermoordenaar. Weens sy straf word hy 'n eensame swerwer vlugteling. Luister na sy angskreet: „My skuld is te groot om vergewe te word!"

Kyk na Judas, die verraaier van Christus. Die plan van verraad het juis die middel geword om hom weg te stoot in helse eensaamheid. Sy vroeëre landgenote antwoord hom, „Jy kan toesien!" Geen hulp meer kry hy van hulle nie, in absolute eensaamheid dryf die Satan hom na sy wurgplek.

Kyk na 'n misdadiger wat uit vrees vir die gereg vlugtend, skrikkend voortgedrywe word na afsondering. Bereik hy dit dan sien hy dit is 'n eensaamheid waarvan hy tog weer verskrik terugdeins, vanweë sy skuldige gewete.

Kyk na die student wat sy eensaamheid deur uiterlike bravade wil bedek. Sy gewaagde verhoudings met die teenoorgestelde geslag, sy traak-my-nie-agtigheid t.o.v. sy akademie, maar veral sy godsdienstige onverskilligheid waarmee hy 'n skeefgetrokke volwassenheid wil uitbeeld, is maar net 'n ontvlugting van sy eensaamheid. In daardie eensaamheid is hy vir homself bang en vind 'n momentele ontvlugting deur te verdwyn in die massa.

As ons egter die dieptes van die bitterste eensaamheid wil peil, moet ons kyk na die Groot Eensame op aarde — Jesus Christus — wat terwille van ons die vloek van eensaamheid deurworstel het en aan die einde van sy lewe uitgeroep het „My God, My God, waarom het U my verlaat?"

Terwyl engeleskares die ruimtes gevul het, is Hy gebore — eensaam in 'n stal.

Terwyl Herodes en sy wyses beplan en die soldate die seuntjies vermoor, is Hy 'n eensame vlugtelingskind na Egipte.

Terwyl die skrifgeleerdes en Fariseërs versmoor is deur hulle weelde, was Hy 'n verstoteling wat moes uitroep: „Die jakkalse het gate, en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie" (Matt. 8 : 19)

Terwyl die massa feesvreugde hou, het Sy sweet in Getsemanè soos bloeddruppels geword en Hy het uitgeroep: „My siel is diep bedroef tot die dood toe . . . "

Toe die hordes Hom vang, het ook sy dissipels gevlug. Hy was verlaat deur mense, maar ook deur God. Vanaf die kruishout klink sy noodkrete: „My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Jesus was in helse eensaamheid, in dieptes van verlatenheid, alles om ons ontwil — om die vervreemding tussen God en ons te herstel, om die eensaamheid vanweë die sonde te verdryf. Toe God die mens weer gevind het in sy verlore eensaamheid het daardie eensaamheid soet geword.

Kyk na Henog, die eensame jagter. Maar hy was eensaam, . . . met God.

Kyk na Noag, die prediker van geregtigheid en daardeur eensaam. Maar hy was eensaam . . . in genade by God.

Kyk na Abraham, die afgesonderde en eensame, maar deur dit . . . 'n vriend van God.

Paulus was drie jaar in die woestyn van Arabië, eensaam maar daar ontvang hy die Openbarings van God.

'n Kind van God het 'n vol eensaamheid. Al is hy soms nie omring van mense nie, is hy nooit verlate nie. Toe Jesus se gevangeneming reeds baie naby was, het Hy vir sy dissipels gesê: „Kyk, die uur kom . . . dat julle . . . My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is." (Joh. 16 : 31)

In die lig van bg. is daar soms ook 'n verlange by die gelowige na eensaamheid (weg van mense) om intiem met sy God om te gaan. Hoe dikwels het Jesus eensaamheid opgesoek om te bid — daardie eensaamheid van gemeenskap. Daarna het Hy telkens versterk na vore getree om die wil van God asook sy eie werk te doen.

Luister hoe eindig Jan F. E. Celliers, 'n gelowige digter, een van sy gedigte:

Maar al is ek, ver van die skaar,
in eensaamheids woning getrede,
ek voel my soos een
met die Heer alleen —
'n kind aan Sy boesem tevrede"

EN DIT „PROMISE" EK JULLE OUKS: AS JULLE VIR MY STEM, LIKE, LEES JULLE ELKE VRYDAG DIE „HIGHWAY", NIE DIE WAPAD NIE!



# S.S.R.: — GENOMINEERDES

## VOORSITTER



### Theunis Eloff

**STUDIERIGTING: TEOLOGIE**
**CURRICULUM VITAE:**

1972: Inskrywingsjaar
Lid Thalia Toneelvereniging; 0/20 Rugby
1973: Lid Thalia Toneelvereniging; 0/20 Rugby
1974: Voorsitter Thalia Toneelvereniging
Ondervoorsitter — Florna
Sekretaris — Dorpstudentevereniging A.B.K.K. — Hoofbestuur
1975: Penningmeester — Studenteraad
Kaptein — 0/20 A Rugbyspan
1976: Sameroeper-Advertensiekomitee
Voorsitter — Florna
Onderkaptein — Eerste Rugbyspan
Ondervoorsitter — Sentrale Studenteraad

**BELEIDSVERKLARING:**

Om jouself in 'n verkiesing vir die pos van Voorsitter van die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. beskikbaar te stel is enersyds 'n eer, maar andersyds 'n groot verantwoordelikheid. In die lig hiervan wil hierdie beleidsverklarng nie poog om met hoogdrawende taal vae beloftes en verkiesingssette op te dis nie maar om binne die beskikbare ruimte 'n uitgangspunt daar te stel waarvolgens die kandidatuur beoordeel kan word.

**1. Rade en Onderliggame**

Die termyn 1975/76 was die eerste na die grondwetlike veranderings wat groter outonomie aan die rade onder die patronaat van die SSR toegeken het. 'n Sekere mate van oorkoepelende beheer en koördinasie het egter met dié nuwe struktuur in die slag gebly. Daar kan met groot vrug aan hierdie saak aandag gegee word.

In hierdie tyd van inflasie en geldskaarste behoort die uitgangspunt van die onderliggame nie stagnasie te wees nie, maar juis om met die beskikbare fondse soveel as moontlik te bereik: Meer plaaslik gerigte optrede kan dalk hier 'n aangewese rigting wees. Die bywoning van nasionale projekte en konferensies bly 'n wesenlike probleem maar waar skakeling veral met ASB geaffilieerde kampusse noodsaaklik is, behoort hierdie saak prioriteit te geniet.

Van die verskillende rade het veral die Politiese Raad 'n goeie oplewing getoon waarop voortgebou behoort te word, veral in die huidige ontplooiing van die regering se volkerebeleid. Die Administrasieraad se bestaansreg het gedurende dié termyn in die gedrang gekom. Die raad het myns insiens wel bestaansreg en uit die aard van sy onderliggame ook 'n groot verantwoordelikheid, veral as in gedagte gehou word dat die naam eers die „Algemene Diensbestuur" was. Die Koshuisraad het in sy eerste bestaansjaar, ten spyte van koordinasieprobleme met die Beheerkomitee van die koshuise, goed gefunksioneer. As dié verteenwoordigende raad van studente, behoort die werksaamhede van die koshuisraad nog verder uitgebrei te word na veral „brood-en-botter sake". Ook die Akademiese Raad moet voortgaan met die goeie werk ten opsigte van doseermetodes en die druipsyfer onder voorgraadse studente.

Oor die onderliggame van die rade kan veel gesê word. Dit is voldoende om hier op te merk dat twee sake wat dringende aandag verdien, Karnaval en die Wapad is. Karnaval in dié opsig dat dit weer 'n aksie vir studente deúr studente ten bate van minder bevoorregtes behoort te wees. Die bestaansreg van Karnaval is bo alle tywfel bewys deur die goeie bywoning hierdie jaar, maar die grondslag daarvan verg besinning. Die Wapad het, soos in die verlede, probleme met drukkers en kan onder die omstandighede eerder as 'n tydskrif beskou word, omdat slegs ou nuus opgeneem kan word. Ook die ongereelde verskyning daarvan is 'n dringende saak.

In die geheel behoort die Sentrale Studenteraad hom ten doel te stel om die bestaande liggame uit te bou asook om in nuwe behoeftes te voorsien, binne die beginselraamwerk van die Universiteit.

**2. Studenteraad — Intern**

Die interne komitees van die Studenteraad doen belangrike werk, as maar vinnig aan oriëntering, verkiesing, kleure en finansies gedink word. Wat laasgenoemde betref is daar, soos reeds gesê, min fondse beskikbaar, waarmee die meeste gedoen moet word. Oriëntering in sy huidige vorm is m.i. geslaagd en ook bevredigend vir die Universiteitsowerheid. Daardeur kan slegs 'n gesonde studentegemeenskap gebou word.

Die funksionering van die Sentrale Studenteraad is myns insiens bevredigend, maar behoort meer prominensie veral in die Wapad, te geniet sodat die gewone student kennis kan dra wat vir en namens hom gedoen word.

**3. Studenteraad — Ekstern en Studentepolitiek**

Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. is 'n outonome liggaam op sy eie terrein en kan daarom 'n eie standpunt stel. Waar dié standpunt in 'n groot mate by dié van die ASB aansluit, is affiliasie noodsaaklik. Verder is die ASB elke geaffilieerde studenteraad, terwyl die studenterade steeds die verantwoordelikheid het om ook self na buite te skakel.

'n Nuwe tydvak het aangebreek in skakeling met Engelssprekende kampusse, wat gerig is op studentevoordele. Ideologiese verskille hoef nie 'n struikelblok hierin te wees nie, maar in die praktyk gebeur dit tog. Daarom behoort nie-amptelik tog met dié kampusse geskakel te word, sodat nader aan mekaar op die gemeenskaplike grond, naamlik trou aan Suid-Afrika, beweeg kan word.

Die ASB is 'n forum vir Christen-Afrikaner studente om op akedemiese wyse 'n mening oor relevante sake uit te spreek, en binne hierdie raamwerk het ook die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. 'n taak.

• Die Suid-Afrika van 1977 het groot uitdagings vir elke Christen-Afrikaner. Daarom behoort elkeen homself aan sy beginsels te verantwoord om nugter standpunt te stel, maar ook om moue op te rol en aan die werk te spring.

## ONDER-VOORSITTER



### P. A. (Petrus) Coetzee

B.A. Th.B. II
**Jaar van inskrywing: 1972.**
**CURRICULUM VITAE:**

1973. Jeugblad Die Bondsbode-penningmeester.
1974. Jeugblad Die Bondsbode-administrateur.
Korpssel - Liberalia sel sekretaris.
K.V.V.-Hoofbestuur.
K.V.V.-Vaandeldraer.
K.V.V.-Penningmeester.
1975. Redakteur Die Bondsbode.
K.V.V.-Vaandeldraer.
Voorsitter Aktueel- opleidingskomitee.
K.V.V.-Hoofbestuur.
1976. Redakteur Die Bondsbode.
Ondervoorsitter van Uitvoerende Federale Bestuur van J.V.'s in Suid Afrika.
A.S.B. Kongres: afgevaardigde.
Organiseerder S.S.R.-H.K. kamp.
Sentrale Studenteraad.

**BELEIDSVERKLARING.**

Om te lei is om diensbaar te wees aan die groep mense wat jy lei sodat 'n gemeenskaplike ideaal bereik kan word. Diensbaarheid is dus gekwalifiseerd:

• Elke leier moet die belange van diegene wat hom kies met verantwoordelikheid behartig;
• Die skep van 'n gesonde atmosfeer waarin die ideale van ons as studente verwesenlik kan word.

In die lig van die bogenoemde stel ek die volgende riglyne:

• Oriëntering is en bly 'n belangrike aspek van ons studentelewe. Die huidige stelsel van oriëntering, om eerstejaars ware Pukke en waardige koshuisinwoners te maak, moet behoue bly.
• Die huidige struktuur van die Sentrale Studenteraad het in die afgelope termyn gefunksioneer. Tog is daar nie bevredigende kontak tussen die S.S.R. en die substudenterade nie, 'n Oplossing lê in gereelde kontak met die rade, asook 'n S.S.R.-Uitvoerende Besture kamp. Hierdeur kan 'n eenheidsrigting in beleid tot stand gebring word.
• Die afgelope termyn is daar goed gevorder om 'n studenteafslagkaart in die lewe te roep. Hierdie saak moet in die komende termyn afgehandel word.
• Die stigting van 'n studentevoorligtingsdiens met betrekking tot onder andere gratis huweliksvoorligting, regsadvies, moet aandag geniet.
• 'n Bevredigende oplossing om dorpstudente te betrek, moet gevind word. Die oplossing kan gevind word in die stigting van „dorpskoshuise". 'n Afgebakende gebied kan 'n sekere naam kry met 'n betrokke huisvader. Dit kan enersyds die gevolg hê dat 'n eenheidsgees geskep word en andersyds verbeterde kanale om hulle belange deur te voer. Dit het hoog tyd geword dat ons die belange van ons mede-Pukke in die dorp as prioriteit te stel.
• Die huidige stelsel van opleiding moet voortgesit word. Waar die vrugte van die eerstejaarskamp en ander opleidingskampe nou gesien word, kan ek nie anders as om hierdie saak as 'n prioriteit te stel nie.
• Ek steun volgehoue affiliasie met die A.S.B. en is dit eens met die Christelik-nasionale uitgangspunt. Waar die A.S.B. die belange van die Afrikaner-student behartig, is ek ook bereid om waar nodig, my diensbaar te stel. Wat skakeling betref, glo ek dat sinvolle skakeling wel kan plaasvind met anderstalige universiteite.

As Christen stel ek my diensbaar om die belange van ons Pukke te behartig, maar bowenal om die eer van God in alles te soek.



### Pieter L. Möller

Studierigting. 1977 B.A. Honneurs.

**Jaar van inskrywing: 1972:**
**CURRICULUM VITAE:**

1972: A.B.K.K. Sêr.
Korps Veritas Vincet lid.
1973: A.B.K.K. Sêr.
Skaakklub.
Korps Veritas Vincet lid.
1974: K.V.V. Sekretaris Korpssel Klooster.
A.B.K.K. lid.
Skaakklub.
1975: Primarius Klooster.
K.V.V. Hulpprojekte na Gobabis S.W.A.
1976: Sekretaris Sentrale Studenteraad.
Sentrale Studenteraadslid vir Koshuisraad.
Sentrale Studenteraadsafgevaardigde na Afrikaanse Studentebond kongres (Junie).
Inter-Universitêre Studenteraadskongres te Stellenbosch, Studenteraadsafgevaardigde. (Julie).
Inter-Universitêre Studentediens-konferensie te Pretoria.
Studenteraads-afgevaardigde. (Maart).
Sentrale Studenteraadsafgevaardigde na Inter-Universitêre Dagstudente-kanferensie te Pretoria. (Mei).

**BELEIDSVERKLARING:**

Ek beskou dit as 'n voorreg om myself verkiesbaar te stel vir ondervoorsitter. Ek sien daarin 'n groot uitdaging en beywer my om na die beste van my vermoeë die belange van die Puk student te behartig en te bevorder. Ons lewe vandag in 'n nuwe tydsbestek waar die gesentraliseerde studentelewe noodwendig al hoe meer professioneel in sy benadering word. Die Puk massa het getoon dat hulle op 'n positiewe wyse betrokke kan wees en sake krities kan benader met gegronde, opbouende kritiek. Dit kan alleen bydra tot 'n beter verhouding tussen die Sentrale Studenteraad en die Pukke massa om betrokkenheid en meelewing te stimuleer. Dienooreenkomstig is 'n goeie verstandhouding van die grootste belang om koördinering te verseker.

Ek glo dat die taak van elke studenteraadslid is om die verhouding tussen die verskillende rade, asook elke belangekring te koördineer en uit te bou.

Die Sentrale Studenteraad moet ingestel wees op STUDENTEDIENS waardeur die werklike behoeftes en belange van die student tot volle ontplooiing kan kom. Hier dink ek aan afslag vir studente by besighede, 'n eie boekwinkel en goedkoop mediese dienste.

ORIENTERING aan die Puk is essensieël en nodig. Die Pukke het onteenseglik bewys dat hierdie saak met verantwoordelikheid hanteer kan word. Daarom sal ek my beywer om oriëntering steeds uit te bou sodat lojaliteit en waardige optrede teenoor ons Universiteit tot die hoogste vlak bevorder kan word.

Ek stel my onomwonde op die grondslag van die Afrikaanse Studentebond en glo dat elke Afrikaner-student hier tuishoort. Ek vereenselwig my met die Christelik Nasionale standpunt asook met die Christelike karakter van die P.U. vir C.H.O. waarin ek myself tenvolle uitleef.

Pieter Möller.

## KOSHUISRAAD



### D. J. (Danie) de Kock

B.A. III

**Jaar van inskrywing 1974.**

**CURRICULUM VITAE:**

1975: Voorsitter J.V. Filadelfia.
Add. lid. K.V.V. Byeenkomstekomitee.
1976: Hombré Huiskomitee.
K.V.V. Uitvoerendekomitee.
K.V.V. Forum (Voorsitter).
K.V.V. Vaandeldraer.
Voorsitter J.V. Afdeling Cachet.

**BELEIDSVERKLARING:**

As Puk-student onderskryf ek die Christelike grondslag van die P.U. vir C.H.O. en stel dit voortdurend as my uitgangspunt in my optrede.

In die lig hiervan, beywer ek my vir die volgende:

— Om eerstens diens aan alle mede-studente te lewer.
— Skakeling met ander universiteite in die lig van ons Christelik-nasionale lewensbeskouing.
— Ondersteuning van die A.S.B. en sy werksaamhede.
— Groter betrokkenheid van ons studente met betrekking tot die kampuslewe.
— Nouer skakeling tussen die S.S.R. en die verskillende rade.

As Christelike Afrikaanse student sal ek met vertroue op God die naam van ons universiteit hoog hou.



### Dalene Delport

B.A. Komm. IV

**CURRICULUM VITAE:**

1973: ASPU-konferensie
ASB-kongres
Aktualiteitskonferensie
1974: ASPU-konferensie
Wapadredaksie
1975: ASPU-konferensie
ASPU Hoofbestuurvergadering
Regskonferensie
Wapadredaksie
1976: ASPU-Hoofbestuursvergadering
Redakteurskonferensie
Dagstudente-bestuur
Asterbestuur

**BELEIDSVERKLARING:**

In die eerste plek staan ek omdat ek glo dat daar 'n groot behoefte aan 'n dame op die SSR bestaan om hulle sake te behartig.

In die tweede plek wil ek geen beloftes maak oor wat ek vir u as student gaan doen nie, maar ek onderneem om die pligte wat aan my opgedra word na die beste van my vermoë te doen.

Dus stel ek myself verkiesbaar om sover dit binne my vermoë is vir u en die universiteit 'n diens te lewer.

# S.S.R.: — KANDIDATE GENOMINEER

## KOSHUISRAAD

(vervolg)



### Ilze Kuun

**CURRICULUM VITAE:**
Jaar van inskrywing: 1974.
1974: 1e jaars koshuiskomitee Koshuis hokkie — 1e span.
1975: 2e jaars koshuiskomitee Caritas sekretaresse P.U.K.-hokkie.
1976: Akademiese Raad Caritas Voorsitster Aster Ondervoorsitster Huiskomitee.
KURSUS: B.A. Maatskaplike Werk III.

**BELEIDSVERKLARING:**
Dit is 'n studenteleier se plig en voorreg om die studentemassa se belange te behartig. So sal dit dan ook my plig en voorreg wees, as die verantwoordelikheid my opgelê sou word. Ek sal dit na die beste van my vermoë en tot eer van God doen. Elke student het sy eie belange en behoeftes. As dame sal ek my dan veral beywer vir die belange en behoeftes van die dames. Vir die belange behartiging is kontak met die massa belangrik. Ons moet tred hou en oop wees vir veranderings. Inter-universitêre skakeling is vir my belangrik. Daarom sal ek my dan ook beywer vir die uitbouing van die A.S.B.



### Potgieter

**CURRICULUM VITAE:**
1976: BA — H.O.D. (G).
(1977 BA — Honn. Geskiedenis).
Jaar van Inskrywing 1973.
1973: Rugby — Klooster. Tennis — Klooster.
1974: Rugby (1ste) — Klooster. Tennis — Klooster. A.B.K.K. — Sêr. Rugbybestuur — Klooster.
1975: HK — Klooster (Sekretaris.) A.B.K.K. — Sêr. Rugby (1ste) — Klooster. Rugbybestuur — Klooster. Tennis — Klooster.
1976: Primarius — Klooster. Koshuisraad — Penningmeester. S.S.D. — Afgevaardigde. Karnaval — Hoofbestuur.

**BELEIDSVERKLARING:**
Die afgelope termyn het die koshuisraad 'n fondament gelê waarop slegs met sukses voortgebou kan word. Die moontlikhede van die koshuisraad is geweldig groot en ek sal my beywer om dit tot sy volle ontplooiing te laat kom. Aangesien dit die koshuisraad se primêre doel is om koshuissake te kanaliseer en te koördineer sal ek my beywer om die belange van die koshuise op die hart te dra en om geregtigheid te laat geskied ongeag watter koshuis. Hier dink ek aan sake soos inter-koshuis aangeleenthede en karnaval — waarby ek my ook sal vereenselwig met die doelstellings van die Administratiewe Raad.

My beleid is om onderlinge koshuis-betrekkinge te verbeter, die Puk-massa op koshuisvlak 'n eenheidsgees te laat beleef sodat 'n beter motivering en gees verseker kan word. Ek onderskryf die Christelike lewensbeskouing van hierdie Universiteit en vereenselwig my met die Christelik-nasionale karakter van die A.S.B.

### Dier Schoeman

**CURRICULUM VITAE:**

1973: Puk derdespan rugby.
1974: Puk tweedes, intervarsity span.
1975: Hombré H.K. Hombré eerstespan rugby.
1976: Hombré primarius. Koshuisraad. Tugkommissie voorsitter. Hombré eerstespan rugby.

**BELEIDSVERKLARING:**
Aangesien die grondslag van die koshuisraad reeds gelê is en die doel daarvan reeds aan die Puk-massa bekend is, sal ek my ten doel stel om daarop voort te bou. Ek sal poog om die taak na die beste van my vermoë te verrig en die vertroue wat in my gestel word nie te skaad nie. Om beloftes te maak is maklik, maar om dit prakties uit te voer is nie altyd so maklik nie. Daarom sal ek my ten doel stel om sover moontlik alle pogings wat aangewend word tot voordeel van alle koshuisgangers te laat strek.



### T. C. (Christo/ Zoks) Schwellnus

Studierigting: B.Comm. (Regte) IV.
Jaar van inskrywing: 1973.
**CURRICULUM VITAE:**
1973: A.S.B. Kongres-Waarnemer. P.G.D. Rugby. Dorp Krieket.
1974: A.B.K.K. — Algemene Organiseerder. Werkverskaffingskomitee — Ondervoorsitter. Potchefstroomse Nasionale Jeugbondbestuur. A.S.B. Kongres — Waarnemer. Dorpstudente-bestuur — Penningmeester. P.G.D. Rugby.
1975: A.B.K.K. Penningmeester. Dorpstudente-bestuur — Penningmeester. P.N.B.-Koshuisverteenwoordiger. Potchefstroomse Nasionale JEUGBONDBESTUUR. Thalia TONEELVERENIGING — Toerlid.
1976: Kultuurraad-Penningmeester. Politiese Raad — Publikasies. Koshuisraad. Voorsitter Dorpstudente. Potchefstroomse Nasionale Jeugbondvoorsitter. Wapadredaksie. Advertensiekomitee. A.S.B. Kongres — Afgevaardigde.

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek aanvaar en steun heelhartig die Christelik-georiënteerde wetenskapsbeoefening van my Universiteit en glo dat die prinsipiële grondslae wat hiermee saamgaan op alle terreine van die studentelewe moet deurwerk.

Ek sal my bewustelik toelê en beywer om die politieke belangstelling en bewussyn van my medestudente in ons eietydse aktuele politiese probleematiek aan te wakker en op 'n breë vlak skakeling met persone en liggame met verwante strewes, soos die A.S.B. (Wat ek heelhartig steun) te bewerkstellig.

Op kuns-kulturele en ontspanningsvlak glo ek dat skakeling met en koördinasie tussen kulturele liggame binne ons Universiteit en samewerking met liggame, instansies en organisasies na buite veral deur uitbouing van die verskillende toerliggame prioriteitsaandag moet geniet.

## POLITIESE RAAD



### Petrus Badenhorst

H.O.D. III
**CURRICULUM VITAE:**
Jaar van Inskrywing: 1974.
1974: Koshuisrugby en Pukrugby. Bestuur J.V. Gilead.
1975: P.N.B. Hoofbestuur. Puk en Koshuisrugby. Bestuur J.V. Gilead
1976: Studenteraad. Politiese Raad Sportraad Advertensie Komitee Besembos. Puk 1B Rugby.
**Prioriteit:**
4.1. Sportraad
4.2. Politiese Raad

**BELEIDSVERKLARING:**
Graag stel ek my beskikbaar ten diens van die Politiese- en die Sportraad. Ek stel my ten doel om elke student met soveel politieke sieninge as moontlik te laat kennis maak en sodoende elke student die geleentheid te bied om 'n eie politieke sienswyse te vorm.

Op die sportgebied stel ek my ten doel om sportaktiwiteite te bevorder om sodoende soveel studente as moontlik aktief aan 'n sportsoort te laat deelneem.

In belang van al die Puk-studente is dit my oortuiging om, waar ek deel mag hê aan besluite, my daar ook Christelik te verantwoord.



### D. G. (Douw) Breed

B.A. II
CAPUT
**CURRICULUM VITAE:**
1975: Caput Eerstespan rugby.
1976: Verteenwoordiger: Politiese Raad. Caput Rugbybestuur.

**BELEIDSVERKLARING:**
As PUK-student stel ek my ten doel, om sover dit binne my vermoë is, die belang van die student te behartig.

'n Geleentheid moet geskep word vir elke student om politieke gevorm te word, deur aksies lewendig en stimulerend aan te bied. Ek voel dat elke individu bereik moet word, om 'n gesonde massa te verkry.

Ek glo ook dat God hierdie wêreld, en in besonder ons land in Sy Hand hou, en dat ook die politiek in Sy Lig gesien moet word.



### Gerhardus Johannes van Deventer

B.A. Admissie II
**CURRICULUM VITAE:**
1. Politiese Raad 1976
2. K.J.A. Bestuur 1976
3. PUK o.20 rugby 1975, 1976

**BELEIDSVERKLARING:**
Dit is vandag, meer as ooit tevore, noodsaaklik dat die Afrikanerstudent sterk en positief leiding neem in sake van prinsipiële belang. Daarom stel ek my ten doel om, met die Skrif as norm en uitgangspunt:
1. Lewenskragtigheid in die student se politieke betrekkenheid te bewerkstellig.
2. As Christen-Puk, myself ten volle tot diens van my mede-Pukke te gee.



### H. G. (Garrie) Schutte

Th.B. II
Jaar van inskrywing: 1972.
**CURRICULUM VITAE:**
1974: Voorsitter J.V. Salem Korpsselbestuur Die Voor
1975: Studiestukredaksie Korpsraad sekretaris
1976: Huiskomitee Over de Voor. Sentrale Studenteraad. A.S.B.-Kongres afgevaardigde.

**BELEIDSVERKLARING:**
Die grondslag van die P.U. vir C.H.O. onderskryf ek heelhartig. Die Afrikaner identiteit van die S.S.R. stel ek voorop en daarom ondersteun ek die A.S.B.

Dit sal 'n voorreg wees om:
— met oorleg en versigtigheid leiding te gee aan my mede Pukke.
— diensbaar te wees in die besef dat ons 'n veel hoër roeping het as om eie belang te bevorder.
— die naam van die P.U. vir C.H.O. in ere te hou in woord en daad, in eie geledere sowel as na buite, sonder om eie beginsels prys te gee.

Laat ons die toekoms ingaan met geloofsvertroue en aan God alle eer gee.



### H. Smalman

B.Juris III
**CURRICULUM VITAE:**
1974: P.N.B. — bestuur. S.R.V.P. — bestuur. Rugby.
1975: S.R.V.P. — ondervoorsitter. Rugby.
1976: S.R.V.P. — voorsitter. Kultuurraad — bestuur. Akademiese Raad — bestuur. Rugby.

**BELEIDSVERKLARING:**
Omrede die massa dit van elke kandidaat vereis, stel ek eerstens die belange van die massa. My oogmerk is om weg te doen met party politiek by studente, maar om die studente te skool in 'n eie denkpolitiek.

Nie alleen het die S.S.R. 'n taak om tred te hou met veranderde omstandighede na binne nie, maar ook na buite moet die Universiteit se naam uitgedra word sodat elke ware Puk trots kan wees.

## KORPSRAAD



### P. H. (Pieter) Fourie

**CURRICULUM VITAE:**
1974: B.Comm. Regte 1 Ekonomiese vereniging: bestuur Skuur — rugby
1975: B.A. (propedeuties) 1 Onder-voorsitter Kampusfokus Penningmeester „Die Bondsbode" Potch United 1 sokker
1976: B.A. II Penningmeester - Korpsraad. Voorsitter — Kampusfo-

# V.R DIE TERMYN .976-77

## KORPS

**(vervolg)**

kus.
Redaksionele assistent „Die Bondsbode"
Potch. United 1 sokker.

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek stel my die volgende ten doel tydens 'n SSR. dienstermyn:
1. Om my te beywer vir die uitbouing van die Christelike aard en karakter van ons Universiteit.
2. Om aan die P.U. vir C.H.O. gunstige omgewingsfaktore daar te stel waarin elke student kan ontwikkel in alle lewensfasette.
3. Om die funksionaliteit van die studente-organisasiesisteem te verhoog en sodoende 'n beter ingeligte en meer betrokke studente-gemeenskap daar te stel.
4. Om deur volgehoue kontak inter-universitêre verhoudinge, blank en nie-blank, uit te bou.

Ek onderneem hierdie sake vanuit 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing en in diepe afhanklikheid van my Skepper.



## P. A. (Pieter) Odendaal

B.A. Honn. (Grieks).
**CURRICULUM VITAE:**
1973: Wes-Transvaal Junior Atletiek.
Bondsboderedaksie.
Sakboekiekomitee.
1974: Politiese Raad
Administrasie Raad
Sakboekiekomitee (voors.)
Werkverskaffingskomitee (voors.)
Makouvlei K.V.V.-selbestuur
Studiekring
Studentehandboekkomitee (konvenor)
Bondsboderedaksie.
1975: Korpsraad
Administrasie Raad
Studiekring (voors.)
Makouvlei K.V.V.-selbestuur
J.V. Deo Gloria (o/voors.)
1976: Korpsraad (voors.)
J.V. Deo Gloria (penningmeester).

**BELEIDSVERKLARING:**
Met die oortuiging dat ons Universiteit skreeu om hervorming, ook omdat ek lief is vir die P.U. vir C.H.O., stel ek myself verkiesbaar vir die S.S.R.

*Ek glo:*
✱ Dat God aan ons Universiteit 'n besondere taak in ons volkslewe gegee het. Dit vereis getuienis van alle Christene in gehoorsaamheid aan God se bevel.
✱ Sinvolle hervorming vereis oop ore van elke leier vir die behoefte van elke student op die kampus. Die Wapad en ander kanale moet toegelaat word om onbevange kritiek te lewer sodat die behoeftes van die student na vore kom.
✱ Die student, wat integraal deel van die Universiteit is, moet meer seggenskap kry. Omdat die student tydelik op Universiteit is ,behoort dit beperk te word sodat die student nie beslissende mag sou hê nie. (Een verteenwoordiger op die Raad van die Universiteit sou voldoende wees).
✱ Onbenullige administratiewe kwessies behoort nooit voorkeur te kry bo sake soos bv. die akademiese peil en behoeftes van studente, besinning oor regverdige (sobere) geldbesteding en beginselleiding nie.
✱ Studente as 'n groep behoort nie alleen teen onreg binne Universiteitsgrense te waak nie, maar moet onreg buite die universiteit soos handelaars wat mense uitbuit aan die kaak stel.

## Garrie Schutte

**(sien Politiese Raad)**



## Jurjen Suurd

Studierigting: B.Comm. III
**CURRICULUM VITAE:**
Jaar van eerste inskrywing: 1974.
1974: PUK Koor
Sêrgroep
Aktueel '77 (Eerstejaarskamp)
Rugby — Dawie du Plessis
Sakboekiekomitee.
1975: Ekonomiese Vereniging Bestuur — Organiseerder
Kampusfokus — Voorsitter
Sêrgroep
Aktueel '77 (Tweedejaarskamp)
Trapkarkonvenor — Liberalia
Rugby — Dawie du Plessis
Korpskamp
Administratiewe Raad
Akademiese Raad
Korpsraad
1975/76 Sakboekiekomitee Redakteur
1976: Korpssel Liberalia — Selleier
Ekonomiese Vereniging — Voorsitter
Rugby — Dawie du Plessis
Administratiewe Raad
— Penningmeester
— Koshuisverteenwoordiger
Akademiese Raad
Korpsraad
AIESEC — 10e Algemene Jaarlikse Vergadering. RAU-Afgevaardigde.
U.P.E.?

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek is trots om 'n Puk te wees! Dit is 'n voorreg en plig om die Puk-gemeenskap te kan dien.

Deur dienslewering stel ek my ten doel om studentebelange te behartig en uit te bou. Studentebelange impliseer vir my die akademiese behoeftes sowel as ons eie studentelewe in al sy skakerings. Graag sal ek met versigtigheid en oorleg leiding gee aan my mede Pukke, lojaliteit aanwakker en betrokkenheid bevorder.

Ek identifiseer my met die Puk se Christelike beginsels.

Uit dankbaarheid vir die verlede en in die lig van my tekortkominge, verlaat ek my volkome op God se wil.



## Gert Jacobus (Gerrie) van Wyk

**CURRICULUM VITAE:**
Jaar van inskrywing 1974.
1975:
Korpshoofbestuurder: Penningmeester.
Korpshoofbestuurder: geselligheidskomitee (voorsitter).
Korpshulpprojekte: Organiseerder
Korpssel DIE VOOR: Bestuurslid
T.S.V. bestuur: Propedeutiese verteenwoordiger
P.U.K. tennis: derde span
JOHANNES VAN ROOYHUIS: Tennisspan.
1976:
Korpshulpprojekte: Ondervoorsitter
Korpshulpprojekte: Penningmeester
Korpssel DIE VOOR: Bestuurslid
T.S.V. bestuur: Propedeutiese verteenwoordiger
P.U.K. tennis: tweede span
A.S.B. kongres: Waarnemer.

**BELEIDSVERKLARING:**
Indien ons as studente ekstern wil beweeg, moet ons ons studentelewe intern konsolideer en versterk. Intern moet elke Raad hom verantwoord oor sy doel en dit prakties tot uitvoering bring op die kampus. Dit is my oortuiging dat ons in ons kontak na buite (ekstern) sowel as na binne (intern) moet uitgaan van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

In aansluiting by voorafgaande stel ek my op die grondslag van die A.S.B., waarbinne die Afrikaanse student ongetwyfeld tuishoort. Ek vereenselwig my ten volle met Christelike wetenskapsbeoefening. Te midde van veranderende omstandighede, laat ons steeds vashou aan die enigste rigsnoer in ons lewe, die Woord van God.



## T. M. (Tjaard) Venter

B.Jur. Th.B. I
Jaar van inskrywing: 1969.
**CURRICULUM VITAE:**
1973: Advertensiebestuurder van Bondsbode.
1974: O/V K.V.V. Hulpprojek.
K.V.V. Hoofbestuur.
J.V. Deo Gloria.
1976: Voorsitter Liber Factus.
K.V.V. Hoofbestuur.
Liber Factus Draftoer.
J.V. Deo Gloria.

**BELEIDSVERKLARING:**
Ons as studente is op mekaar aangewys. Ek het (net soos u) 'n verantwoordelikheid teenoor ons mede Pukke. Daarom moet ons vir mekaar omgee en mekaar se laste dra.

In hierdie verband stel ek my ten doel om:
i) My medestudent se belange te behartig en vir hom tot hulp te wees, vir so ver as wat dit in my vermoë is.
ii) My Universiteit en sy leuse na binne en na buite uit te dra en dit wat in stryd is met ons beginsels, om dit te beveg.
iii) Te streef na groter betrokkenheid onder studente, omdat die liefde van God ons na mekaar dryf.
iv) Die A.S.B. se werksaamhede op studente vlak te bevorder.

In die lig hiervan stel ek my beskikbaar om verantwoordelik en Skrifgefundeerd in „Sy Lig" te wandel.

## AKADEMIESE RAAD



## T. T. Cloete

**CURRICULUM VITAE:**
1975: Voorsitter Colamus.
Sitting op die Akademiese Raad.
1976: Voorsitter Geskiedenisvereniging.
Dien op die bestuur van Colamus.
Sameroeper van die Kommissie, in opdrag van die Akademiese Raad, om ondersoek in te stel aangaande die probleme van die student omtrent die dosent en doseer- en studiemetodes.
Sitting op die Akademiese Raad.
Studierigting: B.A. III.

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek is van voorneme om my te beywer vir die belange van vandag se student op ons kampus.

Ek glo daar moet beter kontak wees tussen die studentemassa en die Studenteraad, o.a. deurdat laasgenoemde die studentemassa beter inlig oor sy aktiwiteite.

Waar daar bestaande studenteorganisasies is, moet dit beter benut word, of nuwes moet geskep word, om die student se probleme daadwerklik te ondersoek, veral op akademiese gebied, maar ook op ander terreine. Ek voel daar moet beter skakeling wees tussen die student en die dosent, sodat lg. van e.g. se probleme bewus kan wees.

Ek is 'n voorstander van studentereëls, soos neergelê deur die Studenteraad en die universiteitsowerheid, indien die reëls redelik is en konsekwent toegepas word.

Ek sal my beywer vir die oplos van praktiese probleme van die student op die kampus, bv. beter parkeergeriewe.



## J. C. (Corrie) Kraamwinkel

B.Juris III
Jaar van inskrywing: 1973.
**CURRICULUM VITAE:**
1973: A.S.B.-Kongres waarnemer.
J.V. Salem Bestuur
Reklamekomitee.
Wapad-redaksie.
1974: A.S.B.-Kongres waarnemer.
A.D.B. Hoofbestuur
J.V. Salem Bestuur.
J.V. Afdelingsbestuur Karnavalkomitee.
K.VV. Studiekring.
Reklamekomitee Voorsitter.
1975: A.D.B. Hoofbestuur.
A.D.B. Dagbestuur.
Reklamekomitee Voorsitter.
S.R.V.P. Bestuur.
1976: A.S.B.-kongres afgevaardigde.
Akademiese raad Dagbestuur.
Huiskomitee Over de Voor.
S.R.V.P. Bestuur.
Sentrale Studenteraad.

**BELEIDSVERKLARING:**
Dit is die ideaal, en elkeen moet daarna strewe om sy deel by te dra tot die daarstelling van 'n gesonde studentelewe op die PUK.

In die lig hiervan, stel ek myself diensbaar, nie met mooi klinkende en holruggeryde verkiesingsbeloftes nie, maar met die doel voor oë om die belange van ons Alma Mater te dien.



## N. S. (Nico) Dicks

B.A. (Adm.) II
Jaar van inskrywing 1975.
**CURRICULUM VITAE:**
1976: Admissiebondbestuur.

**BELEIDSVERKLARING:**
— Om onder leiding van die Heilige Gees ten volle in diens te staan vir Jesus en ook ten volle in diens van my mede-Pukke.
— Om 'n samehorigheidsgevoel te bewerkstellig tussen Pukke en tussen Pukstudent en Pukdosent.
— Om as kind van God alles te doen tot eer en verheerliking van Sy Naam.



## Dave Streicher

H.O.D. III
**CURRICULUM VITAE:**
1975: Penningmeester L.O. vereniging.
1976: Voorsitter — L.O. vereniging.
Verteenwoordiger op akademiese Raad vir L.O. vereniging.
Sameroeper van kommissie van ondersoek vir:
1. Akademiese skakeling met die senaat
2. Standaard van die student en druipsyfer.

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek sien my doel as verteenwoordiger van die akademiese Raad as:
1. Uitbouer van wat reeds opgebou is binne hierdie belangekring opgebou is.
2. Om aan die studentesamelewing 'n diens te lewer soos wat van my verwag word.
3. Om in die posisie wat ek is besluite te neem wat verteenwoordigend sal wees van die studente en nie van myself nie.
4. Om die take wat my in die toekoms opgedra word, na die beste van my vermoë uit te voer.
5. Om die belange van die

# AKADEMIESE RAAD

**(vervolg)**

akademiese verenigings te behartig en te koördineer.

Dit is my strewe dat die akademiese Raad al die probleme van die studente op akademiese gebied doeltreffend sal oplos.



## J. H. G. Maritz

B.A. II Admissie
Jaar van Inskrywing: 1975.

**CURRICULUM VITAE:**

Admissiebond bestuur 1976
K.J.A. bestuur 1976.

**BELEIDSVERKLARING:**

As Christen Puk gedring deur die liefde van Christus gee ek my ten volle tot die diens van my mede-Pukke, om so, met die oog gerig op Hom, en die toekoms van die Puk in Sy hande, alles te doen tot die eer van Sy Heilige Naam.

## Jurjen Suurd

**(sien Korpsraad)**



## Adré van den Berg

B.Juris III

**CURRICULUM VITAE:**

Jaar van inskrywing 1974.

1974: S.R.V.P.-Bestuur
P.U. o/20 Rugby.
Wes-Transvaal o/20 Rugby.

1975: S.R.V.P.-Bestuur.
Werkverskaffingskomitee
P.U. Rugby IB
Over de Voor Rugby 1e span.

1976: Werkverskaffingskomitee (o/voorsitter)
P.U. Rugby 1e span
Over de Voor Rugby 1e span.

**BELEIDSVERKLARING:**

Studenteraadslid behels veel meer as wat die woord sê. 'n Studenteraadslid moet op interne sowel as eksterne vlakke die belange van die studentemassa wat hom verkies het behartig en diensbaar wees. Ek stel my op die grondslag van die A.S.B. en is oortuig daarvan dat elke Afrikanerstudent hom hier tuis kan voel.

Ek glo dat 'n gesonde balans gehandhaaf behoort te word by die uitbouing van 'n Christelike-nasionale lewensbeskouing. Met hierdie benadering stel ek my verkiesbaar in die S.S.R.



## S. F. (Francois) van den Berg

Kursus: B.Mus IV
Jaar van inskrywing: 1973.

**CURRICULUM VITAE:**

1974: P.U.-koor (bestuur).

1975: P.U.-koor (ondervoorsitter).
Musiekvereniging (ondervoorsitter).
Akademiese Raad (sekretaris vanaf 5 Mei).
A.D.B.

1976: P.U.-koor (voorsitter).
Musiekverening (voorsitter).
Akademiese Raad (ondervoorsitter).
Kultuurraad.

**BELEIDSVERKLARING:**

Omdat ek glo dat Christelike Wetenskap die enigste ware wetenskap is, sal ek my dit ten doel stel om mee te help met die konsekwente deurvoering daarvan.

Dikwels is daar ook 'n mate van ontevredenheid by studente rakende sekere akademiese aspekte. In hierdie verband moet die Sentrale Studenteraad as die mondstuk van die massa by die owerheid in volle mate benut word. Die student self moet steeds van hierdie aspek bewus gemaak word waardeur veral akademiese onbetrokkenheid in groot mate teengewerk kan word. Hier vra ek 'n openheid van die owerheid jeens die student en sy probleme sodat hierdie skakeling tot sy volle potensiaal benut kan word, tot voordeel van beide student en Universiteit.



## Riaan van der Walt

Studierigting: H.O.D. (voorgraads).

**CURRICULUM VITAE:**

1973: Ekonomiese Vereeniging Bestuur — Organiseerder.

1974: Ekonomiese Vereniging Bestuur — Onder Voorsitter.
Lid van S.A.B. (ou Akademiese Raad) vir Ekonomiese Vereniging.
Tweedehandseboekekomitee — Konvenor.
A.S.B. Kunsfeeskomitee — Reklame.
J.V. Thiatiere-Organiseerder.
Alabama.

1975: Akademiese Raad — Voorsitter.
Ekonomiese Vereniging — Voorsitter.
AIESEC Plaaslike Komitee — President.
S.A.B. — Sekretaris.
Cinepuk — Finansiële Bestuurder.

1976: Akademiese Raad — Voorsitter.
Ekonomiese Vereniging Bestuur — Addisionele lid.
AIESEC Plaaslike Komitee — President.
S.S.D. Kamp.
Thalia.

1977: Thalia-Voorsitter.

**BELEIDSVERKLARING:**

Vandag se Afrikaner student moet 'n mondige student wees. Die doel moet so bereik word:

1. VIR DIE STUDENT:

1.1 Die leerplan, leermetodes, standaard en aanbieding moet vaart belyn wees. Die klem moet van kwantiteit na kwaliteit verskuif.

1.2 Lesings moet verteerbaar wees en van selfstandigheid wees.

1.3 Besprekingsklasse moet ingevoer word.

1.4 Meer persoonlike skakeling tussen dosent en student.

2. VIR DIE VERENIGINGS:

2.1 Akademiese Verenigings moet groter erkenning verkry.

2.2 Persoonlike ervaring is voorvereiste om die Akademiese Raad op die S.S.R. te verteenwoordig.

Sekere van hierdie ideale is alreeds bereik — drie kommissies staaf dit:

1 Die student se besware teen klas gee metodes.

2 Die druipsyfer onder eerstejaars.

3 Skakeling met die senaat.

'N WARE S.R. LID IS DIENSKNEG VAN GOD, DAAROM OOK 'N LOJALE PUK, SO WIL EK U DIEN.



## A. J. (André) van der Walt

B.Juris II
Jaar van inskrywing: 1975.

**CURRICULUM VITAE:**

1975: Wysgerige Vereniging Bestuur

1976: Wysgerige Vereniging Ondervoorsitter.
Penningmeester P.S.V.
Lid van die Akademiese raad se kommissie van ondersoek na doseermetodes.
Wapad-redaksie.

**BELEIDSVERKLARING:**

Die Akademiese Raad het gedurende 1976 baie waardevolle werk gedoen in die ondersoek na probleme in verband met doseermetodes. Dit is my ideaal om die voortsetting van hierdie werk na te streef, en om daaraan sover moontlik daadwerklike gevolge te gee.

Die volgende probleme is van kardinale belang:

1. Studieprobleme van eerstejaarstudente.
2. Rol van referate en selfstudie in die opbou van 'n jaarpunt.
3. Die relevansie en doeltreffendheid van die onderrig, beide wat betref metode en inhoud.
4. Deelname aan akademiese verenigings.
5. Openlike en verantwoordelike dialoog tussen student en dosent in verband met wedersydse probleme.
6. Openbaarmaking van werksaamhede van die Akademiese verenigings, asook van die Akademiese Raad ten opsigte van werk wat gedoen is in bogenoemde opsigte. Hierin speel die Wapad 'n groot rol.



## Gerrie van Wyk

**(sien Korpsraad)**




# K__T__RRA/



## W. Vlok Delport

Studierigting: BA KOMM II.

**CURRICULUM VITAE:**

1975: Jaar van inskrywing.
1976: Kultuurraad:
Wapad — verteenwoordiger.
Skakel en reklame organiseerder.
ORG. redaksie.
Wapad nuusredaksie.

**BELEIDSVERKLARING:**

In 'n beleidsverklaring glo ek kan 'n persoon slegs sekere riglyne stel. Daarom is dit onmoontlik om 'n teorie op te stel wat 'n persoon gaan doen en wat nie. Slegs die praktyk kan dit bepaal.

Dit is die plig van die Kultuurraad om 'n betrokkenheid te verwek onder die studente. Dit kan alleen gedoen word deur skakeling.

Ek sal my beywer dat die verskillende verenigings meer bekend gestel word onder die studente om betrokkenheid te verwerf. Dit geld vir die kulturele en ontspanningsverenigings.

Wat die algemene ontspanning betref, sal ek voortbou op die fondamente wat reeds gelê is. In die praktyk kan ons alleen sien watter aksies die voordeligste sal wees en welke nie.

Ek is ook 'n voorstander vir inter-universitêre skakeling met die universiteite wat ons belange deel op kulturele en ontspanningsgebied.



## M. J. (Kobus) Fourie

B.A. III
CAPUT

**CURRICULUM VITAE:**

1974: Skryf in vir B.A. 1.
1975: Redaksie: WAPAD
S.A.U. Pluimbal
1976: Bestuur: Retoriese Vereniging
Verenigingsredakteur: — Wapad
Kultuurraadverteenwoordiger: Caput
Afgevaardigde: ASPU-kongres
Interuniversitêre Debatskongres
Bestuur: Pluimbalklub

**BELEIDSVERKLARING:**

Skakeling en kontak is 'n noodsaaklikheid vir die ordening van ons studentegemeenskap, asook vir 'n groter mate van betrokkenheid van die student by die georganiseerde studentelewe. Met die belange en welvaart van die PUK-student voorop, stel ek myself bereid vir verkiesing, met 'n volle besef van die verantwoordelikheid wat dit sou meebring.

Hierdie dinge is egter nie alles binne my menslike vermoë nie, en daarom plaas ek my volle vertroue in God, dat Hy my sal lei en help in alles wat ek mag doen of beplan.



## H. J. G. Kamffer (Gerhard)

Klooster
B.A. III

**CURRICULUM VITAE:**

1974: Rugby Klooster
1975: Filatelistevereniging: — Voorsitter.
A.B.K.K. Hoofbestuur
Rugby Klooster
1976: Filatelistevereniging — Voorsitter
Kultuurraad
Geskiedenisvereniging — o/voorsitter

**BELEIDSVERKLARING:**

Ons leef vandag in 'n nuwe tydsbestek en daarom voel ek dat ook ons ontspanning en kuns- en kultuuraktiwiteite op die PUK daarby aangepas moet word. Kultuurbeoefening is 'n noodsaaklike deel van elke student se lewe en daarom moet die aanpassing geskied op 'n wyse wat almal tevrede sal stel.

Die behoefte van die student moet hierin in ag geneem word om sodoende sy volle meelewing in die kulturele lewe te verkry. Kuns, kultuur en ontspanning is dus 'n inherente deel van studentwees en daarom sal ek my volgens die taak van die Kultuurraad soos vervat in die grondwet daarvoor beywer om: „Die beginsels van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing op die terrein van die kuns- kultuur en ontspanning te bevorder met toespitsing op die Afrikaanse kuns-kultuur en ontspanning.



## Eric J. Marx

B. Proc. III
Ingeskryf: 1974

**CURRICULUM VITAE:**

1974: Puk skerm
Sakboekiekomitee
1975: Cine-Puk.
1976: Cine-Puk Voorsitter
Karnavalkomitee
kultuurraad.

**BELEIDSVERKLARING:**

Die Kultuurraad bestaan uit twee faksies nl. 'n ontspannings- en 'n kultuurafdeling. Ek wil my graag in die komende termyn beywer om die volgende doelstellinge te bereik. Daar daar 'n behoefte aan 'n volwaardige debatsvereniging, waar die studente kan debateer oor verskeie onderwerpe, bestaan, sal ek my beywer vir so 'n vereniging. Kultuuraksies voel ek moet hegter saamgesweer word om sodoende vir die studente van groter diens te wees.

Wat ontspanning betref kan ons baie van ander universiteite leer. Die nuutgestigte skakel- en reklameafdeling van die Kultuurraad kan hierin 'n groot rol speel. Ontspanning en ontspanningsruimte bly 'n groot probleem en daar moet daadwerklik aandag aan geskenk word.

## Garrie Schutte

(sien Politieke Raad)

## Zoks Schwellnus

(sien Koshuisraad)



## Chris Swart

**CURRICULUM VITAE:**

1974: Over-de-voor: Rugby.
Over-de-voor: Muurbal.
Over-de-voor: Sêr.
1975: Over-de-Voor: Rugby.
Over-de-voor Muurbalkonvenor.
Thalia.
1976: Over-de-voor Rugbybestuur.
Thalia-voorsitter.
Kultuurraad.
B.Proc 3.

**BELEIDSVERKLARING:**

Dit is vir my 'n voorreg om as SSR-lid genomineer te wees, daarom ook 'n voorreg om my deel vir hierdie universiteit te kan doen. Dit sal vir my 'n plig en voorreg wees om die belange van my studentemaats op die hart te dra. Dis immers die student wat die universiteit maak en nie 'n universiteit wat studente maak nie. Wat is 'n universiteit sonder studente? Ek stel my dus bereid om my bes vir jou, my studentemaat, te lewer.

## Francois van den Berg

(sien Akademiese Raad)

# SPORTRAAD

## Peet Badenhorst

(sien Politieke Raad)



## Becker J. M. (Marius)

B.COMM III — Bedryfs en Personeelsielkunde.

**CURRICULUM VITAE:**

1973: PUK 1B krieket.
S.A. Universiteite Kriekettoernooi.
Over de Voor eerste krieketspan.
1974: PUK 1A en 1B Krieket.
PUK Hengelbestuur.
Over de Voor eerste rugbyspan.
1975: Puk 1B Krieket.
Wes-Transvaal 0/23 Krieketspan.
N.P. Studentebestuur (Koshuisverteenwoordiger).
1976: PUK 1A en 1B Krieket.
Over de Voor Krieketklubkaptein.
N.P. Studentebestuur (Ondervoorsitter).

**BELEIDSVERKLARING:**

Sport is sekerlik die oorwegende ontspanningsaspek van enige gesonde student, en derhalwe is dit my strewe om dit juis hier by die student te wil tuisbring. Almal is sekerlik nie ewe talentvol, maar gesonde koshuisdeelname is sekerlik binne elkeen se bereik. Daarom stel ek my dit ten doel om my veral op hierdie vlak daarvoor te beywer, hoe klein en gering die sportsoort ookal, want slegs dan eers kan ons die universiteit se sportbeeld op 'n positiewe wyse na buite dra. Laat ons saamwerk PUK-KE en van 1977 die grootste sportjaar in PUK se geskiedenis maak.



## P. J. (Pierre) de Jager

B. Comm. III.
CAPUT.

**CURRICULUM VITAE:**

1974: Skryf in vir B. Comm. I.
Skuur: Atletiek.
Rugby.
1975: Caput: Rugby.
Trapkar.
Tweedejaarskomitee.
1976: Caput: Rugbykaptein.
Sportorganiseerder.
Onderprimarius.

**BELEIDSVERKLARING:**

Deur deel te neem aan sport, word elke mense fisies sowel as geestelik gevorm. Daarom is dit my uitgangspunt en doelwit om elke PUK-student te betrek in sy eie sportsoort, en alle, let wel alle, sportsoorte sy eie erkenning te gee. Om voorrang te gee aan een sportsoort, is 'n verkeerde houding, en daarom beywer ek my ter uitbreiding van die werklike betekenis van die woord sport.

Opsommend kan ek dus sê dat die woord sport in sy eenvoudigste betekenis vir my die grootste waarde dra om jouself fisies, sowel as geestelik op die lewe voor te berei.

## Chris Swart

(sien Kultuurraad)



## Henning J. H. (Bob) Vorster

P.O.D. Onderwysdiploma 1973.
Kursus: B.A. III.
Inskrywingsjaar: 1974.

**CURRICULUM VITAE:**

1970 — 1973: Oos-Transvaal 0/20A (rugby).
S.A. Kollegeweek (rugby).
O.K.O. I rugbykaptein.
O.K.O. II tenniskaptein.
Voorsitter Sendingvereniging.
Bestuur Retorievereniging.
S,W.D. Atletiek.
Wen O.K.O.-debattrofee (1973).
Groepleier by sewe F.A.K. Jeugleierskonferensies.
O.K.O.-erekleure (rugby).
1974: Goue Medalje op S.A.U. (stoei).
Protea-kleure.
Wes-Transvaal Senior kampioen.
Wes-Transvaal erekleure.
P.U. erekleure.
Retorievereniging.
K.V.V. Studiekring.
1975: Goue medalje op Wes-Transvaal-stoeitoernooi.
Sekretaris P.U. stoeiklub.
Wes-Transvaal senior kampioen.
Wes-Transvaal erekleure.
P.U. Eerekleure.
Uitgenooi na S.A.-kampioenskappe.

* Vervolg op bladsy 8

**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".
ANDRÉ JOUBERT

**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **M.B.A.-studielenings:** Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studen'.a:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TEL. 6171
—WP.



# SPORTFOKUS



## Interprovinsiale landloop

**DIE eerste groot landloopbyeenkoms hierdie seisoen het Saterdag plaasgevind op die P.O.K.-sportveld. Alle provinsies behalwe O.P., W.P. en S.W.A. het deelgeneem.**

Wat so besonders was aan die byeenkoms is dat dieselfde roete wat gehardloop is, weer later gebruik gaan word vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe asook die S.A.U. kampioenskappe. Al die deelnemers kan deur die toeskouers gesien word vir die hele afstand sover as wat hulle hardloop.

Wat die uitslae betref was daar geen verrassings gewees in enige van die wedlope nie. Koos Keyser van Transvaal het die mansafdeling gemaklik gewen. Die tweede plek is bo verwagting goed deur G. Show van Natal gewen wat Johny Halberstadt van Suid-Transvaal geklop het. Andries Krogman van W.P. wat weer vanaf 1 Julie vir W-Tvl. beskikbaar sal wees, en Bonzet, ook van W.P. sal mee rekening gehou moet word in die tweede Interprovinsiale wedloop wat in Durban sal plaasvind op 19 Junie.

In die vroue afdeling het Sonja Laxton van Natal maklik gewen met Sophie Thiebaut ook van Natal in die tweede plek.

Die junior afdeling is deur N. Meintjies van die PUK gewen. Hy het baie ver voor die ander deelnemers geëindig.

Die ander PUKKE wat aan die wedloop vir senior mans deelgeneem het, het ook besonder goed gevaar. Die PUK se een staatmaker, Gert Doreward, het nie deelgeneem nie, want hy is nog besig om te herstel na 'n baie vermoeiende atletiek seisoen.

Foto: CHARLES MOOLMAN

## Puk o-20 vs Wes-Wits

**VIR die tweede keer hierdie seisoen het die Puk se onder 20 B-span daarin geslaag om die onder 20-span van Wes-Wits te wen. Die eindtelling was 20—9 in die guns van die Puk nadat dit reeds halftyd 10—3 was.**

Die voorspelers het hard gewerk om skoon balle aan te gee aan die agterlyn en hulle weer op hulle beurt het vir mooi hardlooprugby gesorg. Die Pukke het alle fasette van die spel oorheers waar Wes Wits wel met goeie verdediging terugbaklei het en hulle menige aanval kon net nie in punte omskep word nie.

Kaptein Peet van Jaarsveld het 'n uitstaande vertoning op vleuel gelewer alhoewel hy die agsteman van die huidige span is. Ander uitblinkers van die PUK-span was Fred Rautenbach, Henning van Wyk en Johan du Plessis.

Pukke se punte is aangeteken deur Herman Henning, P. van Jaarsveld, T. Loubser, P. Coetzer het ook 2 drieë gedruk wat deur P. Coetzer verdoel. vyf is. Wes Wits se punte is aangeteken deur middel van een doel en 'n strafdoel.

## Pukke toer wen-wen deur SWA

**DRIES COETZER se span het gedurende die vakansie 'n baie suksesvolle toer deur S.W.A. gehad. Die manne was omtrent almal siek van griep gewees toe hulle in Walvisbaai aangeland het.**

Hulle het per trein gearriveer. Die publiek van Walvisbaai het soveel moontlik van die manne geneem, en tog het 'n paar in die polisie-barakke gebly. Daardie selfde oggend het hulle om 10.00 vm. 'n oefening gehad. Toe is die manne deur die dorp rondgeneem om verskillende besienswaardighede te gaan besigtig.

Woensdagaand het die ouens teen Walvisbaai I gespeel. Die Walvisbaai span het 'n hele paar Suidwesspelers in hulle span. Hulle is die haker, die een flank, die losskakel, die heelagter en die agsteman. So, 'n redelike goeie span, en tog het die manne daardie aand gewys wat in hulle gesteek het.

Alhoewel Walvis hulle somtyds tot slordige spel gedwing het, veral in die lynstane, het hulle hul goed reggeruk en met die bal begin hardloop. Hulle het mooi verdedig en mooi aangeval. James Stofberg, wat goeie spel gelewer het, moes die veld ongelukkig weens 'n besering verlaat het, wat gesorg het dat die PUKKE vir 'n rukkie met veertien man moes speel.

Tog het dit hulle nie ontsenu nie. Dries Coetzer, Louw van Wyk en Sors Greyling het gesorg vir baie goeie spel en verdediging voor, terwyl Flippie Venter, Andrè Rossouw en Bennie de Klerk weer goeie spel gelewer het. Sors het vir die heel eerste maal op flank gespeel en baie goed vertoon. Wie weet, miskien volg hy nog in broer Piet Greyling se skoene.

Sors het ook baie goed geskop. Die PUKKE het Walvis toe met 28—6 geklop.

Die Donderdag het die manne weer deur die dorp gegaan en na Swakop, waar hulle baie dinge gesien het, soos bierbrouery, leerlooierye, die duine en nog vele meer. Hulle kon nie uitgepraat raak oor die rit op die visserskuite nie en ook nog minder oor die visfabrieke nie.

## SPORTRAAD

* Vervolg van bladsy 7

Bestuur Gereformeerde sending.

1976: Voorsitter P.U. Stoeiklub. P.U. Sportraad. Wes-Transvaal Seniorkampioen. Wes-Transvaal erekleure.

**BELEIDSVERKLARING:**

Dit is my begeerte om die belange van sport in die besonder op die hart te dra en sodoende ook ons universiteit se beeld na buite uit te dra.

Om resultate te verseker is dit noodsaaklik dat sport doeltreffend georganiseer moet word. Alleen as ons ons verskillende sportsoorte na binne sterk, kan ons daadkragtig na buite tree. Om dit te bewerkstellig is dit noodsaaklik om besondere aandag te wy aan kontak tussen sportleiers onderling, tussen leiers en deelnemers en tussen leiers en die owerheid om beter verhoudinge en begrip (en ondersteuning!) te bewerkstellig

Dit is my oortuiging om in alle besluite waarin ek deel mag hê, my Christelik te verantwoord.

## Administratiewe Raad

**Dalene Delport**
(sien Koshuisraad)

**Corrie Kraamwinkel**
(sien Akademiese Raad)

**Ilze Kuun**
(sien Koshuisraad)

**Pieter Odendaal**
(sien Korpsraad)

**Nic Potgieter**
(sien Koshuisraad)

**Jurjen Suurd**
(sien Korpsraad)

**Adrè v.d. Berg**
(sien Akademiese Raad)

**Andrè v.d. Walt**
(sien Akademiese Raad)

## DOELGERIGTE KANOKLUB

NA 'n ietwatse stilte gedurende die winter se koue, begin die ouens en asters weer hewig spane nat te maak. Daar is 'n redelike interessante laat winter-lente-program wat voorlê. Almal wat aan die feeste wil deel, kan elke middag vanaf 16h00 by die dam kom gesig wys.

As jy nie kan roei of swem nie, sal ons jou leer... die natmaak is jou eie ervaring en net die kano deel dit met jou. Die naweek van die 14de Augustus gaan ons saam met Tukkies en moontlik ook die Raukies die Krokodilrivier aandurf. Dit behoort eerder 'n fees as 'n roeiery af te gee! Verlede jaar het ons dieselfde gedoen, ook saam met Tuks. Piet Myburgh kon „ontshettende intereshante shtories" daaromtrent vertel... dit wil sê as hy kan onthou!

In alle geval, die toerkamp word deur Tuks geborg. Ons sorg net vir ons eie petrolgeld.

Dieselfde naweek word daar 'n „nege-myler" op Rhoodepoortdam te Pretoria geroei en PUK sal daar verteenwoordig wees. Die manne wat ons punte gaan insamel is Sam Pellissier, Piet Myburgh, Johan Steyn en Tinus de Jager. Moontlik kom nog versterkings by.

Saal de Jager sal — òòk die 14de Augustus — sy ervaring op Springs op die proef stel. Sien PUKKE? ons is so in aanvraag dat ons ons kragte moet verdeel om almal tevrede te stel.

Op die oomblik probeer ons hard om sake gedaan te kry ter voorsiening van 'n klubhuis. Ons huidige sekretaris, Gert van der Walt, het merkbaar ouer geword vandat die pap begin dik word het. Tinus de Jager, die voorsitter, maak die einde van die jaar klaar, maar hy dink al aan aftree!

Maar wat-wou! Sake vorder stadig maar seker en Oom Piet Malan móét nou begin skiet gee.

Ons doen 'n ernstige beroep op al die klublede om vergaderings by te woon. Die volgende een sal binekort plaasvind en Tinus sal sorg dat die plakate ten minste 'n week voor die tyd opgeplak is. Volgende Woensdag hou ons ons volgende interklubkampioenskappe op die dam. Die doel is om die manne en asters, fiks te kry, want ons moet binnekort roeiers vir die S.A. K-4 kampioenskappe beskikbaar hê. Daardie vier móét net fiks wees.

Die afgelope Julie-vakansie het die Internasionale Wynland Bergriviermarathon plaasgevind. Sarel de Jager het PUK verteenwoordig en 21ste geëindig. Dit is glad nie te sleg nie, as ons in aanmerking neem dat daar ver oor die 100 deelnemers was.

Saal het ook aan die S.A. Springbokproewe in die Kaap gaan deelneem en 16de gekom.

Die proewe is gehou met die doel om S.A. se 4 vinnigstes te kies vir 'n toer later vanjaar na Europa toe.

So — daar's hy PUKKE! Julle eie, eie Olimpiese span (in die kleine). Ons hoop julle dink aan ons as ons van krag tot krag verder voortvloei. Ons hoop ook dat die nuwe bestuur (wat later bekend gemaak sal word) net so sal voortbou soos 1975 en 1976 s'n.

Dis lekker om 'n kanovaarder te wees maar nog lekkerder om vir die PUK te roei.



Foto: CHARLES MOOLMAN

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonómie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

**Standard Bank**

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS 38/11737/202/A